

Cape Librarian

November/December 2017
Volume 61 | No. 6

Kaapse Bibliotekaris



Western Cape
Government

Cultural Affairs and Sport



HOOFARTIKEL

Ryk Hattingh <i>'Ek leef myself eerder dood; ek doen dit'</i>	20
Catherine du Toit	

COLUMNS | RUBRIEKE

BOOK WORLD | BOEKWÊRELD

In die tuin van digters	22
Marlene Malan	
Boekontwerp <i>die storie agter die storie</i>	24
saamgestel deur Grizéll Azar-Luxton	
Pieter Fourie <i>gekaapte passie</i>	26
Marlene Malan	
Skrywers gesels: Francois Verster	30
saamgestel deur Grizéll Azar-Luxton	
Mata Hari's dance with death	34
Erich Buchhaus	

REVIEWS

Book reviews Boekresensies	38
compiled by book selectors	

SPOTLIGHT ON CENTRAL REFERENCE

Audio language courses	44
compiled by Neville Adonis	
New on the shelves	46
compiled by Sandra Kingswell	

THE ARTS

1967 <i>the year of the rock album</i>	50
Robert Moulton	

DIE LAASTE WOORD

Biographies and me	56
Finuala Dowling	

NEWS | NUUS

tussen die lyne	2
people mense	4
libraries biblioteke	12
milestones	15
miscellany	16
40 (and 10) years ago ... 40 (en 10) jaar gelede ...	19



ON THE COVER: 60 YEARS AGO

Jacobus Hendrik Pierneef (13 August 1886 – 14 November 1957) was a South African landscape artist, generally considered to be one of the best of the old South African masters. His distinctive style is widely recognised and his work was greatly influenced by the South African landscape — most of his landscapes were of the South African Highveld, which provided a lifelong source of inspiration for him. A Pierneef painting, *Die Kremetartboom (The Baobab Tree)* set a new record price for South African art at an auction in London when it sold for £826,400 in 2008.

Source: en.wikipedia.org | Photo: en.wikipedia.org



Editor | Redakteur

Braam Peens Tel: (021) 483-2446

Sub-editor | Subredakteur

Helga Fraser Tel: (021) 483-2044

Graphic design, cover design and photography |

Grafiese ontwerp, omslagontwerp en fotografie

Wynand Coetzee Tel: (021) 483-2283

Contributor | Medewerker

Dr Francois Verster

Administration and advertising

Administrasie en advertensies

Szerena Knapp Tel: (021) 483-2483

Fax/Faks: (021) 419-7541

Website | Webtuiste

http://www.westerncape.gov.za/your_gov/106

Online public access catalogue

<http://wc.slims.gov.za/desktop/desktopwc>

Email | E-pos

Braam.Peens@westerncape.gov.za

Szerena.Knapp@westerncape.gov.za

Address | Adres

PO Box 2108, Cape Town, 8000

Posbus 2108, Kaapstad, 8000



Indexed in | Geïndekseer in

LISA (Library and Information Science Abstracts)

Library, Literature and Information Science (EBSCOhost)

Reproduction and printing | Reprodusie en drukwerk

Capitol Press

© Library Service © Biblioteekdiens SA ISSN 0 008 5790

Editorial policy

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

Redaksionele beleid

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Biblioteekdiens en verskyn twee-maandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinstlyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.

The year 2017 was undoubtedly a year of endings and new beginnings.

As I write this editorial, I realise that it is only 21 days to my one-year anniversary with Western Cape Library Service — and 45 days until Christmas!

What an exciting and fulfilling year it's been?

This year I was fortunate enough to attend the opening of six libraries, ranging in size from the small Berghof Library to bigger ones such as the one in Citrusdal. This is by far one of the favourite aspects of my job. I love seeing the new libraries with their shiny floors, new carpets, clean shelves and the smell of fresh paint sometimes still lingering in the air. But what I enjoy most is realising the opportunities that these libraries bring to the community.

The eagerness of the schoolchildren usually attending these openings and the friendly faces of the staff taking up the challenge really warms my heart. As Minister Marais once said during one of these openings: 'Libraries store the energy that ignites the imagination. They open windows to the world for us and inspire us to explore, achieve and contribute to the improvement of our quality of life. Libraries change lives for the better.'

This year we also said goodbye to our old corporate book vans and welcomed the new, modern fleet with its striking artwork. These new vans operate between Hermanus and Worcester, Beaufort West and Oudtshoorn and in the Vanrhynsdorp, Swellendam and Saldanha regions. So be on the lookout for our books on the move, now just travelling in far more style!

This has certainly been a year of endings but also new beginnings. We wished the long-serving **Cape Librarian** editor Grizéll Azar-Luxton farewell. Words really cannot express our gratitude for her contribution to the magazine and the Western Cape Library Service. But we are also very excited to welcome the new editor, Braam Peens, as part of our family. We wish him well and hope he enjoys many exciting years with us.

It has been an enormous privilege to travel the province and meet so many of our library staff this year. I want to personally thank all those who on a daily basis not just provide access to our wide-ranging resources, but stand in as caregivers, homework helpers, councillors, problemsolvers and much more.

I wish everyone a well-deserved and peaceful year-end break and a very happy, healthy and blessed 2018.

Cecilia Sani

Director, Western Cape Library Service

Van kaartjies na knoppies: só vier ons Kersfees

deur Stefan Wehmeyer

Dis alweer tyd vir Kersfees en daarmee saam — of in elk geval voor die koms van selfone en Whatsapp — die amper-gestorwe gewoonte om kerskaartjies te stuur.

As kind was dit my ma in ons gesin wat kerskaartjies gestuur het en het ons hulle ook van familie en vriende ontvang. 'n Toutjie is tussen mure gespan en die kaartjies met sulke groen pennetjies daaraan vasgemaak. So met die verloop van tyd het my ma al hoe minder kaartjies uitgestuur — en natuurlik ook al hoe minder ontvang. Noodwendig het die mond-en-voet-skilders se spesiale kaartjies (jy het hulle verniet gekry solank jy 'n bedraggie aan hulle stuur) begin opgaan in die sideboard se laai. Partykeer het ek 'n bietjie skaamgekry as ons vir ons Engelse bure, die Reelers, gaan kuier het, want hulle sitkamer het van kant tot wal volgehang met kaartjies.

Die stuur van kerskaarte het in 1843 in Engeland ontstaan. Sir Henry Cole, wat gehelp het om die nuwe 'Public Record Office' (nou bekend as die poskantoor) te vestig, het gewonder hoe gewone mense aangespoor kon word om dit te gebruik. Hy en 'n kunstenaarsvriend, John Horsley, ontwerp toe die eerste kersfeeskaartjie en verkoop dit vir een sjeling.

My oupa se suster, Aunt Winnie, het in 1980 'n ou Hollandse familiebybel vir my gegee. Sy sê toe nogals sy gaan dit nie vir haar suster gee nie, want Vera glo nie aan God nie. Ek was baie dankbaar vir die present en met die deurblaai het ek 'n stokou kaartjie gevind.

Agterop die kaartjie staan geskryf 'P.H. Wehmeyer' en '1879'. Laasgenoemde is my oupagrootjie wat in 1864 gebore is en die kaartjie gekry het toe hy 15 jaar oud was. Hy moes dit seker op 'n latere stadium in die Bybel gebêre het, want volgens Aunt Winnie het hy die Bybel (vermoedelik eers later as 'n volwassene) van 'n Joodse smous gekoop. Ek het nooit geweet wat 'The Dayspring from on HIGH hath visited us' beteken nie. Google het tot my redding gekom: 'Soos die môreson sal Hy opkom en uit die hoogte op ons afstraal.'

Ek is ook baie gelukkig want Aunt Winnie het hordes kaartjies aan my gegee wat aan hulle gesin tydens die vroeë 1900's tot die laat 1920's gestuur is. Die stuur van poskaarte was in daai jare net so gewild soos vandag se Whatsapp-boodskappe — dalk net nie so oombliklik nie. Sy en my oupa was in die koshuis op Uniondale; 'n hele paar myle vanaf hulle plaas op Avontuur. As hulle van plan was om die naweek huis toe te gaan, moes hulle eers vir hulle ma 'n poskaart stuur!

My oupa-hulle se huistaal was Engels; gevolglik kon ek net een kaartjie met 'n Afrikaanse of Hollandse kers- of nuwejaarswens daarop vind. Wat ek hieruit kan aflei is dat my oupagrootjie Wehmeyer se broers en susters nooit vir hom en sy gesin kaartjies gestuur het nie. Sy vrou, Louisa du Biel, was Engelssprekend. Die een Hollandse kaartjie se geverfde voorblad wens die leser 'hearty good wishes' toe en binne staan geskryf 'Dat dit Kerstfees U vreugde bringe en het Nieuwe Jaar mogelike Zegeningen, Van A du Biel'! Duidelik was dit net



die Du Biel-kant van die familie wat kaartjies gestuur het.

Van die mooiste kaartjies het gewerk soos 'n klein oop-vouboekie en is versier met 'n handgeverfde prentjie en vasgebind met 'n lint.²

Kaartjies is ook soms gebosseleer. In 'n kaartjie wat my Oupa Roland aan sy 'mother' en 'father' gestuur het, staan gedruk 'A gladsome Yuletide' en die woorde

*Though all the world were to forget
And fortune prove untrue
You still would keep my friendship yet
I'll still remember you*

Ook voeg hy by, 'am going to PBay today. Cycling. Love R'. Al die pad van Uniondale, oor die Prince Alfred pas na Plettenbergbaai!

Baie kaartjies het foto's van dorpe gehad. So stuur Aunt Annie vir haar suster in 1905 'n kaartjie met 'n foto op van Highstraat in Oudtshoorn met die woorde 'With the compliments of the season, from A Du B' voorop geskryf.³ Agterop word daar streng gespesifiseer dat 'Address only to be written on this side'. Met 'n ander pragtig gekleurde kaartjie met 'n prentjie van 'n Kaaps-Hollandse huis gedateer 1913 wens Aunt Winnie se ouma Du Biel 'n geseënde Kersfees en spreek die wens uit dat 'I hope my darling is not ill or some other trouble. Write soon to Grandma'.

Kaartjies met nuwejaarswense is ook soms apart uitgestuur. Annie skryf op 29 Desember 1917 aan haar 'Dearest sister, I wish you a very happy and prosperous New Year. May the Lord guard, guide and comfort you through the unknown joys and sorrow which may be in store for you.'

Nóg 'n voorbladvariasie was die gebruik van karikature, soos die een wat 'Family ties' getiteld is.⁴ In 1908 skryf Aunt Annie aan Lance, die jongste Wehmeyertjie, 'To dear Baby. Wishing you a happy Christmas and a very bright New Year.' Ek het selfs hierdie humoristiese Uncle Podger-kaartjie opgespoor.⁵

En moenie van die selfies vergeet nie! Hierdie eenvoudige kartonkaartjie het net 'n foto bygekry met die woorde 'Wishing you a merry Christmas and a happy New Year' onderaan gedruk.⁶

Hoe kan 'n mens Kersfees weer uniek maak in 2017? Ek het 'n idee — dalk foto's neem van 100 jaar gelede se kaartjies en dan na almal toe Whatsapp!



Stefan Wehmeyer is die adjunkdirekteur van streke van die Wes-Kaapse Biblioteekdiens



PEOPLE | MENSE

Saying goodbye to Grizéll



Former **Cape Librarian** editor Grizéll Azar-Luxton retired at the end of September — a position that she held for 25 years. Her contribution to the Library Service is invaluable as it is immeasurable. We asked some of her close former associates to share their fondest memories of her.

VAN 'N MEDEWERKER

Ek dink dit was in 2005, toe sê 'n kollega by die Kaapstadse Argiefbewaarplek vir my ek moet hoor of die redakteur van die **Kaapse Bibliotekaris** nie sal belangstel in 'n artikel oor die argief nie. Wel, sy het, en dit was die begin van 'n lang verbintenis en uiteindelik ook 'n goeie vriendskap.

Aanvanklik het ek meer oor argiefdinge geskryf, maar later was daar bydraes oor 'n verskeidenheid onderwerpe. Ons het, byvoorbeeld, een Kersfees daar in Kalkbaai gekuier, onder



andere, met ['n voormalige medewerker van die tydskrif] Dalena le Roux en Pieter Hugo, saam met die gesofistikeerde Azar-Luxtons en hulle woelige Yorkie-kroos. Ek onthou hoe fassinerend die huis met al sy oudhede en kunswerke was en die oorfloed lekker kos, maar bowenal die gasvryheid en warmte van die gasheer en gasvrou — 'n onvergeetlike aand om vele redes, soos Grizéll ook onvergeetlik is.

Want vir Grizéll kan 'n mens nie ken sonder om diep beïndruk te word deur haar skerp verstand en vermoë om honderde balle in die lug te hou nie, en dan het sy boonop die oog vir skryftalent en kunstige aanslag: kleurvol, gebalanseerd, en professioneel, dog met 'n spesifieke vroulike aantreklikheid — daar is net daardie iets oorspronklik en herkenbaar aan haar aanbieding van die topklas tydskrif wat sy só lank só vaardig en só pligsgetrou saamgestel het. **Kaapse Bibliotekaris** is so herkenbaar soos die unieke produkte van bobaas-chefs, werklik keurig en smaakvol.

Grizéll was die eerste persoon wat aan my 'n platform gegee het om oor temas te skryf wat my na aan die hart lê en werklik geglo het dat ek iets kan bydra om mense te laat lees. Daarvoor sal ek haar altyd dankbaar wees. Sy het selfs verder gegaan en van my romans geproeflees en my altyd aangemoedig om te skryf. Elkeen wat skryf gaan deur op-en-af-tye en sulke ondersteuning — ek glo sy het dit aan etlike skrywers gegee — is goud werd, en daarom is jy as griffelaartjie dan steeds bereid om die ure in te sit, dikwels terwyl die res van die buurt rustig slaap. Of altans, dalk weet jy Grizéll sit daar op Tafelberg se winderige suidflank en tik ook dat die stof staan; 'n stille steun in die wye duisternis waar jy (hopelik!) net jou eie stem in jou kop hoor — al sit julle aan die uiteindes van die Skiereiland.

Grizéll het honderde artikels gekeur, gepoleer en goed laat lyk en met baie (dikwels bra onbetroubare) wispelturige skrywers gesukkel tot hulle gedoen het wat hulle moes, sodat **Kaapse Bibliotekaris** die spogprodukt was wat dit steeds is. Ek het elke uitgawe sedert die eerste een wat ek gelees het bewaar, en sal hulle altyd bewaar tot ek die ewige met die tydelike verwissel. En selfs daarna sal ek onthou hoe goed sy my laat voel het.

Ek hoop ons behou kontak, want Grizéll, jy is my vriend en ek is trots om jou te ken.

Francois Verster





FROM A SUB-EDITOR

Grizéll cared very much for her colleagues and friends at the Library Service, always seeing the good in them, even if they irritated her at times. And although she could be strict and uncompromising, this was always because she wanted them to produce the best for her magazine — which is what she cared about the most.

But she also cared about things most of her colleagues and the readers of the **Cape Librarian** would never think of: whether to put a half space or a full space in between a quotation mark and the ellipsis that follows, when to use an en dash and when to use an em dash, when to put the full stop inside or outside the quotation mark, when to write the word after a colon in an upper case or a lower case, and so on.

It is this secret world of the spelling and grammar Nazi that Grizéll allowed me into when I volunteered to help with the proofreading of the copy for the magazine a few years ago. And while she never stopped teaching and mentoring me, like a true professional she kept on educating herself and researching and discussing the interesting queries language people deal with.

That is why I know that Grizéll's dictionaries and grammar and spelling guides will never gather dust, even after her retirement.

Each person tasked with proofreading the magazine was allocated a pen with a different colour so that we could see who made which correction. Dalena le Roux had the red pen, I had the blue and Grizéll the green — and that green pen was wielded with authority and professionalism.

Grizéll, I want to thank you for being such a caring and fun

mentor to me and for allowing me to live out my passion for writing and language and being part of the exciting process of editing, compiling and polishing rough copy into the beautiful printed product that the **Cape Librarian** is.

I have also finally got my act together and have learnt to press ALT+130 when I type your name. But I have to warn you: as you know, language changes and develops constantly and since you have left we have already taken the bold step of spelling 'internet' with a lower case.

I hope you don't mind.

Helga Fraser


FROM HER SUPERVISOR

Few people appreciate the work done behind the scenes to produce the **Cape Librarian** magazine — and getting it out on time. I was very fortunate and privileged to work with Grizéll behind the scenes.

She remains an incredible person and it was always refreshing to just have a quick catch-up with her. I know that I used to lure her to my office just to talk to her and I already I am missing that tremendously.

She treasured her work and it was quite obvious that the **Cape Librarian** was her life. She always put 110% effort into everything and this was evident in the exceptional standard of the magazine. The Publication and Promotions Section is certainly poorer without her. However, the legacy she left behind will always be treasured by all staff in this section as well as others she had worked with.

Neville Adonis





FROM A FORMER COLLEAGUE

On the celebration of the fiftieth anniversary of the **Cape Librarian**, I wrote a piece on what the magazine had meant to me and its role in my professional development. Of course an editor and the magazine she produces are inextricably linked, but I would like to acknowledge Grizéll's own role.

Although I had had some association with the magazine in the early years of its existence in 1959-1960 and then again briefly as acting editor in 1965-1966, it was only sometime after I had returned to South Africa and begun working at Cape Town City Libraries that Grizéll and I developed a strong professional relationship marked by mutual respect and interests.

Although trained as a journalist and not a librarian, Grizéll has the uncanny knack of recognising developments in librarianship and the changing nature of the profession.

She had a strong vision of what she wanted the **Cape Librarian** to be. Together with her editorial team she produced a magazine of world class standard in terms of its content and relevance to its wide range of readers. It is a most successful mix of practical advice, library policy and information about books and related material that is still eminently readable.

Grizéll was the ultimate editor and I am sure that I was not the only one of her contributors whom she encouraged to contribute or comment in its pages.

I don't think she realised what a kick I got out of referring to her as my editor. I loved saying 'my editor feels' or 'my editor thinks' or 'my editor suggests'.

Now that she is entering a new phase of her life I wish her the very best. May I end on a very personal note: Grizéll — in my eyes you are one class lady!

Rheina Epstein



FROM AN ARCHIVIST

It is with great sincerity that I want to thank you for your exceptional work, professionalism and boundless determination to promote books and reading. Your passion for stimulating a culture of reading has set an example for others including myself as historian and archivist. A special word of thanks for granting me the opportunity to write and submit articles on behalf of the Western Cape Archives and Records Service, thereby providing a fundamental platform to express the value and significance of our archival heritage. Upon your retirement I want to wish you all the joys and pleasures of unlimited reading; and of course indulging in the French flair of your treasured art and wall mask collections.

Dr Gustav Hendrich







FROM A DEADLINE BENDER

As a regular contributor to the **Cape Librarian** for the past 20 years, I have often tried to test Grizéll's limits, especially with my regular column, *Between the lines*. Any normal editor would have sent me back to the drawing board at least five times with a: 'Pieter, this is absolute nonsense! Go and write something proper.'

Not Grizéll. She accepted and even made me believe she enjoyed everything I wrote. Or maybe it was because I always delivered way past the deadline.

Thanks for being such an extraordinary person, Grizéll. We will miss you.

Pieter Hugo



FROM A FRIEND

Grizéll really, really loved the magazine you are holding in your hands. Few readers will appreciate just how much she put into the **Cape Librarian** over the years, agonising over deadlines, working overtime, inspiring designers, getting excited about the new cover design each year, introducing new layouts and columns, training new staff, begging people to write articles, following up leads, and berating herself when she spotted a typo in the finished copy.

She put her heart and soul into the magazine and I think no-one can disagree that it really showed. Grizéll brought a unique and special something to each issue. That Grizéll touch will be much missed, but even more, she will be missed by her many friends here at the Library Service who wish her all the best in her retirement.

Johanna de Beer

VAN 'N ADJUNK-DIREKTEUR

Eendag lank lank gelede; my hemel, ek kan nie eers meer onthou nie, het Grizéll die leisels oorgeneem as die redakteur van die **Kaapse Bibliotekaris**.

Ek moes dit gaan opsoek. Grizéll het hier begin werk in November 1992 en in Januarie 1993 verskyn haar handtekening vir die eerste keer as redakteur. Na 174 uitgawes van die tydskrif, 10,440 bladsye, met elke artikel wat vyf keer geproeflees is — vanaf die rou kopie tot die uitgelegte weergawe — en 28,508,160 woorde later, tree sy uiteindelik af. Dis gelykstaande om die Bybel 30 keer te proeflees!

In haar bekendstellingsparagraaf noem Grizéll dat sy drie belangstellings in haar lewe het: Peter — haar man, oudhede en twee Yorkshire Terriers. Grizéll recently told me they are now on their third batch of Yorkies!

Van die nou meer as 60 jaar-lange bestaan van die tydskrif was Grizéll 40% — of 25 jaar lank — die redakteur. Nog 'n rekord wat nie gou oortref sal word nie.

Grizéll, I want to say thank you to you for managing the most successful public library journal not only in South Africa, but on the whole African continent! How you managed to put this magazine together for so many years and to stay abreast of the latest styles of magazine layout is simply amazing. And how you managed to source all the articles timeously from a variety of contributors to produce 170 complete editions is mind-boggling.

One of your techniques was... 'Stefan, onthou jou *Tussen die lyne* en 40 jaar!' Ek het altyd gewag tot die laaste voor ek my bydrae gestuur het, baie keer omdat ek *writer's block* ontwikkel het. Dit was nooit aspris nie! Agter jou rug het ek altyd by Wynand gaan uitvis wanneer presies was die laaste wanneer ek my bydrae kon stuur.

Op 'n persoonlike vlak, het jy my baie geïnspireer om te skryf — en eendag nog gestalte te gee aan daardie lang verwagde boek.

I am not a man of many words...

And with these words — a final thank you from me and always remember you are leaving behind 174 monuments and have the record for being the longest-serving editor of a library magazine in Africa. Or the world. (Maybe Helga can research that?)

Stefan Wehmeyer



'Moenie loop en lees nie, Gerda'

Dis hoe ek vir Gerda Theron sal onthou: altyd op en af in die gang, oopgeslaande boek in die hand. 'Jong,' het sy dan geglimlag en gegroet.

Gerda het aan die einde van Augustus vanjaar afgetree. Dit volg 'n ellelange loopbaan wat strek vanaf Oktober 1976 toe sy as 'n biblioteekassistent by die Biblioteekdiens in die Sentrale Naslaan-afdeling (SN) van die Biblioteekdiens begin werk het. Sy was daar vir meer as 40 jaar en het haar loopbaan as 'n hoof-biblioteekassistent beëindig.

Teen die einde van die 1980's het die biblioteekdiens besluit om 'n snel-inligtingsdiens te begin. Die idee daaragter was dat biblioteke moes kon inbel wanneer hulle dringend inligting vir gebruikers benodig het. Gerda was vanaf die begin aan die stuur van die diens en het 'n reusesukses daarvan gemaak.

Want vir Gerda kon jy enige iets onder die son vra. Inligting vir skooltake was veral haar sterk punt. Sy het oor die jare 'n omvattende versameling van naslaanwerke in haar kantoor opgebou en sy het ook pamflette versamel. Sy het selfs die hele skool leerplan van Graad 1 tot Graad 12 geken! Jy kon haar enigets vra, waarna sy oor 'n uur of wat later (so deur haar loop en lees, natuurlik) by jou kantoor ingestap het met 'n klomp fotostate van bronne. So noukeurig soos sy was het sy dan ook al die bibliografiese besonderhede byderhand gehad.

Gerda was soos 'n Google soek-enjin. Sy kon inligting verskaf oor enigets van die 'purification of water processes in Cape Town', hoe China 'n supermoondheid geword het, die rol van vroue in die Eerste Wêreldoorlog, die vervaardiging van Umqonbothi en Amahewu, Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika tot weerverskynsels en 'quilting for beginners'.

Sy het nooit mense teleurgestel nie. Trouens was sy een van die beste biblioteekassistente wat ek ooit geken het – wat voortreflik is van iemand wat nooit biblioteek- en inligtingkunde gestudeer het nie. Die hope dankiesê-briewe van tevrede gebruikers het met oorgawe hiervan getuig.

Gerda het ook etensye in die Sosiale Biblioteek gewerk met mevroue Joerning en Kingswell. Ook hier het sy uitgeblink met haar flinke diens.

Op 'n persoonlike vlak was Gerda ook 'n nice mens. Benewens haar beroemde appelkooskonfyt het sy selfs eenkeer 'n rok gemaak vir een van die damespersoneel wat 'n bietjie, uhm, geset was (*Thank God, Delia, that you are no longer with us otherwise you would have sworn at me now!*). En wat vir my so nice was van Gerda is dat sy altyd so 'n simpatieke oor gehad het en 'n ware vriendin was wat jou deur dik en dun bygestaan het.

En nou is sy weg. Gerda, van alles mis ek daai daaglikse geruk en pluk van die Sosiale Biblioteek se agterdeur om te double check of dit wel gesluit is, die meeste.

Stefan Wehmeyer, Adjunkdirekteur, Streke



Vanrhynsdorp groet Christa Hayes

Christa Hayes, Vanrhynsdorpstreek se biblioteekassistent *par excellence* het onlangs na 'n dienstermyn van altesame 31 jaar afgetree. Haar eerste skof was tussen 8 Desember 1975 en 30 September 1979. Daarna het sy tydelik opgehou om onder meer kinders groot te maak, in Brandvlei se biblioteek te werk, 'nommer asseblief' gesê by 'n handsentrale en selfs 'n Kaapse draai gegooi.

Haar tweede skof in Vanrhynsdorp het weer op 21 Mei 1990 begin, waar sy ononderbroke tot 2017 gewerk het.

Só onthou die streeksbibliotekaris, Yvette Herbst, vir 'hom' (soos die Namakwalanders praat – selfs al dit 'n 'sy'! –Red.):



Selection Support welcomes Mauhnita



The Selection Section is pleased to welcome Mauhnita Diedericks as library assistant. After Mauhnita matriculated in 2013, she started working as a PAY intern for the Library Service in the Cape Town Region in April of the following year. She remembers that during her interview as a PAY intern she was asked where she saw herself in five years' time. She said that her goal was to become a permanent employee of the Western Cape Library Service, and she indeed succeeded in achieving her goal in three years. Well done, Mauhnita!

My lieue Namaqualand ma

Waar begin 'n mens om dankie te sê vir die twee jaar en ses maande wat ek saam jou kon werk?

Op 5 Januarie 2015 stap ek in by die Vanrhynsdorp Streekbiblioteek as die nuwe streekbibliotekaris. 'n Bleek Vrystatertjie word gegroet deur 'n vriendelike dame wat my sommer met die intrapslag onder haar vlerk neem en die leisels leer.

Christa praat daardie dag (soos wat dit vir my gevoel het) in tale, want van 'SLIMS', 'macros', 'check in' en 'check out', 'special IDs' en 'pallets' het ek nog nooit gehoor nie! Ek sien sy kyk my halfpad so skeef aan en ek kan sommer op haar gesig sien sy weet dat sy stadiger moet begin praat! Daar glip per ongeluk 'n 'tannie moet maar weer voor af begin' uit (dit was die eerste en die laaste 'tannie'), maar toe skop Christa die Leermeester in.

Nou kyk, as jy nie vir SLIMS verstaan nie en jy word touwys gemaak deur Christa, kan jy verseker wees dat jy hom vinnig onder die knie sal kry, want van geduld het Christa hope en vir SLIMS kén sy.

My eerste boektoer sal ek ook nooit vergeet nie. Ons ry met 'n 4x4-bakkie – op Christa se aandrang, want die paaie in dié streek durf jy nie sommer met 'n ander voertuig aan nie. Christa sê ek moet van die begin af self ry, 'anders gaan jy nooit die paaie leer ken nie.'

Ons vat die pad Wupperthal toe. Christa leer my wanneer om van rat te verwissel en hoe om by die klowe en kranse uit te kom (ek's 'n nooi van die Vrystaatvlakte, onthou?). Net anderkant Hoek se Berg volg 'n baie styl afdraand. Christa noem toe so terloops dat indien daar 'n voertuig van voor af aankom, ek die een is wat moet toegee. Ek bid toe maar so in die stilte dat daar geen ander voertuie op hierdie nou, enkelbaan- en tweespoor-grondpaadjie moet wees nie. Net toe kom daar 'n stootskraper van die onderkant af opgerly en Christa sê heel kalm, 'nou moet jy maar so bietjie agtertoe stoot sodat die stootskraper kan verbykom'.

Eers dink ek sy maak 'n grap! Kan sy dan nou nie sien daar is nie plek vir enigiets om verby te kom nie? Dis net kranse aan die een kant en afgrond aan die ander kant! Met kalmte en geduld het Christa vir my verduidelik presies hoe om daardie dag te maak.

Christa is ook 'n lopende bron van inligting. Sy dra kennis van so baie dinge, plante, diere, berge, mense en vele meer. Van die biblioteekdiens kan jy haar niks vertel nie.

Sy het alles met ywer aangepak en nuwe tegnologie so vinnig moontlik onder die knie probeer kry sodat daar nie haakplekke opduik en die diens wat ons moet lewer, daaronder ly nie.

Christa, baie dankie vir die kort tydjie wat ek saam met jou kon werk en die ongelooflike kennis wat jy so ruim met my gedeel het.

Geniet die ruskans en weet dat ons die streekkantoor altyd op die standaard sal hou soos dit was toe jy dit aan ons agtergelaat het.

Ns. Ons sal ook steeds aanhou om elke 'topper' op te tel!

Yvette Herbst, Streekbibliotekaris, Vanrhynsdorp

Hermon grows after upgrade

The building that housed Hermon Mini Library since it became operational in 2015, was once an old, dilapidated semi-detached house that was re-built and renovated by the Cape Winelands District municipality. In 2014 the house was signed over to the Drakenstein municipality and the building was restored with the intention of being used as a clinic, but the community insisted that the building become a library, and this wish was granted.

In June 2015, the first patron applications were processed and 18 adults and 33 children became members of **Hermon library** with an annual circulation of 347 books.

Since the installation of the ICT Rural Connectivity computers in February this year, an average of 150 adults and children per month visit the library to make use of free computer and internet facilities provided by the Western Cape Library Service through the Rural Libraries Connectivity Project.

In addition, the librarian, Hildegard Adonis, is empowering local learners by teaching them how to retrieve reliable information for school projects through the recent Online Britannica Encyclopaedia link activation.

The Western Cape Minister of Cultural Affairs and Sports, Ms Anroux Marais, who officially opened the upgraded facility on Tuesday 20 June 2017, once again emphasised the importance of libraries in communities. The executive mayor of the Drakenstein Municipality, cllr Conrad Poole, the municipal manager, Dr Johan Leibbrandt and the director of the Western Cape Library Service, Ms Cecelia Sani, were part of the inauguration and the unveiling of a plaque at Hermon Library.

To date the membership stands at 325 (185 children and 140



Shannon Daniels and Hildegard Adonis with happy young readers from Hermon

adults) and the circulation of books for June 2017 was 738. The total stock, which now includes DVDs and magazines stands at 4,696. The library has a gate-counter installed, recording 4,155 visitors coming through its doors during the same month.

Residents of the Hermon community have welcomed library services in their area. This is evident in the many outreach programmes, holiday fun programmes during school vacation, Educare visits and social gatherings for the elderly hosted at the library. The library provides materials of popular interest to the community, encouraging children to read, supplementing the educational needs of the community and being a world-class information service provider.

Berghof groei stadig maar seker

Die **Berghof Mini-biblioteek** in die distrik Porterville was vanaf 2009 in 'n skeeps-houer by die Berghof NG Kerk Primêre Skool gehuisves. Addisionele befondsing is egter in die 2016/17 boekjaar deur die Wes-Kaapse Biblioteekdiens bewillig om die fasiliteit op te gradeer na 'n modulêre biblioteek, wat ekstra ruimte vir uitstallings en studeerruimte vir leerders bied.

Hier word die nuwe biblioteekstruktuur in twee dele by die Dasklippas opgekarwei



From wheelie wagons to a modular marvel



The new upgraded Berghof library caters for all members of the community



The library stocks a wide variety of fiction and non-fiction books



Research for school projects can be enhanced by the five computers (not shown) that offer free internet access

The Brackenhill Mini Library was established in the Knysna municipal area during March 2015 after an agreement was reached between the Knysna Municipality, land owners PG Bison and the Provincial Library Service to establish a library service for the local community.

Brackenhill consists of approximately 96 houses in the immediate vicinity of the library as well as an outlying rural area.

In March 2015 the Provincial Library Service delivered two wheelie wagons to the Brackenhill Community Hall. A stock total of 1,375 items was carried and a circulation figure of 536 items was registered for the first month.

Mini libraries like Brackenhill usually make use of wheelie wagons, which are lockable steel trolleys sent to outlying rural communities that lack facilities to house large book collections. These contain up to 1,200 books and comprise magazines, newspapers and fiction and non-fiction books for adults and children in Afrikaans, English or isiXhosa. Reference material and study guides are also available. These collections constantly evolve as communities indicate their information and language needs.

Early in 2017 the Provincial Government decided to upgrade the facility to a modular library as these are quick and easy to erect and inexpensive compared to bricks-and-mortar structures.

The new Brackenhill Mini Library was opened on 14 June, carrying a stock total of 2,250. Between R400,000 and R500,000 was spent on the new facility. The five computers offer free internet access while staff have their own dedicated machine for accessing SLIMS.

Brackenhill Primary is located opposite the N2 highway and within walking distance. Secondary school learners, however, rely on private transport to attend schools in Knysna. All children use the library for school work, assignments and projects.

Young job-seekers also frequent the library for job-hunting, sending CVs and arranging interviews. A nearby crèche makes use of the Easy Books to turn toddlers into future readers. And among the adult community, housewives enjoy light women's fiction while men prefer Western and action novels.

108 adults and 72 children are registered as patrons with more using the library only for internet and newspaper access but who are not yet members.

The library is staffed by Aluinia James and full-time volunteer Zel-Rene Luiters.

Marlene Swanepoel

Learning to love African languages



Prof Es'kia Mphahlele once wrote: 'Once a person has learned to read, there is no limit to how much he or she can grow in knowledge and the power to use it.'

Inspired by these words, earlier this year parents in the Milnerton area formed an African Book Club (ABC) that is hosted at their local library.

Facilitator Tshikosi Ramarumo explains: 'We formed the African book club to promote reading. We read mainly African stories, poems and stories written in the vernacular. When our children read African literature, they learn African culture, history, life skills, communication skills, self-confidence and African languages. The parents

also get adequate time to bond with their children. It is quite imperative for us to invest in the development of our children. We believe we can eradicate illiteracy by making reading fashionable. We encourage parents to speak to the children in their mother tongue in order to preserve indigenous languages. Most children came to the ABC not being able to greet in African languages, which indicates the severity of the problem. The situation has improved to such an extent that most of our children can read and also speak some phrases of isiXhosa, isiZulu and Tshivenda.'

September was all about heritage for the ABC where children took turns in reading and making speeches about

the theme, followed by financial literacy for the 7 October meeting. Children are encouraged to take an active role and are afforded adequate time to participate, and where possible learners even lead the sessions. During the meetings songs are also sung and poems recited.

Ramarumo concludes, 'There is not a dull moment at our club; we always have lots of fun while learning at the same time. Every child is welcome to join the club, it's free for all. There is no excuse for not joining the progressive club. Malcolm X said that: "The future belongs to those who prepare for it." Let us create a bright future for our children by sharpening their thinking capability through reading.'

Open Your Child's Mind with BOOKS

The wheels in the brain go round and round

What's your child's favorite book? What's yours?
When we read with our kids, we not only help them learn language. We create lasting memories.
And we set kids up for SUCCESS IN LIFE.

Reading together helps kids:

- › Learn to recognize letters
- › Understand that print represents the spoken word
- › Become aware of how to hold a book, turn the page and start at the beginning
- › Realize the relationship between letters and sounds
- › Expand their vocabulary
- › Begin to develop oral language skills

How to cultivate smart readers.

Make books a part of your child's playtime and bedtime routines. Try these helpful tips:

6 to 12 months

Talk back and forth with your baby. Make eye contact.

Point at and name things: nose, ball, baby, dog...

Play games such as "peek-a-boo".

4 to 5 years

Relate the story to your child's own experiences.

Ask your child to tell the story.

Encourage writing and drawing.

Point out the letters in your child's name.

12 to 24 months

Let your child help turn the pages.

Smile and shower when your child speaks or points.

It's about more than language

Reading also allows kids to:

- Share richer interactions. Reading together stimulates more discussion between children and parents.
- Find out about the world. Books teach kids about unfamiliar places, things and situations.
- Become successful in later years. Early reading is correlated with higher language measures later on.
- Build self-esteem. Sharing your own family stories with your children as you read build their confidence.
- Create good habits. Reading together at certain times of the day or evening can build healthy routines.

2 to 3 years

Ask "What is that?" or "Where is the dog?"

Be willing to read the same book over and over again.

As you read, talk about the pictures.

Let your child choose which book to read. Find stories about things your child likes.

3 to 4 years

Ask "What happens next?" in familiar stories.

Point out letters and numbers.

Point out word and pictures that begin with the same sound.

Together, make up stories about the picture.

MILESTONES

Kuils River Library turns 60

Kuils River Library — the town's Cape Dutch landmark building, celebrated its diamond jubilee on 25 March this year.

Not one, but two events were hosted to commemorate this milestone: one on Friday, 20 October and another on the next day.

The first — and official — event was specially held for former staff, CoCTLIS management, councillors, authors, borrowers and other dignitaries.

The Saturday instalment was more informal, taking the form of a family-oriented market day. It was attended by staff and local residents, including former Kuils River resident and mayoral committee member for Safety and Security and Social Services, Alderman JP Smith. Visitors were entertained by a boereorkes and enjoyed boerewors rolls and other refreshments. The children in attendance played board games inside the library hall and enjoyed the jumping castle and various games. They also received hotdogs, soft drinks, party packs and gifts. It was a fun-filled day. The community members enjoyed the festive atmosphere and some even dared to dance!

A special word of thanks to the Friends of the Library and Kuils River Library staff, who went to extraordinary lengths to create this fantastic event. The teamwork displayed truly captures the spirit of all who work at Kuils River Library.

Wilhelmina Whitman
Senior Librarian, Kuils River Library



Staff were as much part of the organising committee as they were part of the celebrations



Children at Kuils River Library's 60th birthday celebrations



Kuils River library was opened on 25 March 1976 by the Provincial Administrator, Mr PJ Olivier (far left)

Student visit

On Friday, 20 October 2017, students from the University of the Western Cape (UWC), accompanied by their lecturer, visited the Western Cape Library Service.

The 2nd year Library and Information Science students were introduced to the various functions and operations of the Library Service at Head Office in Chiappini Street in Cape Town. UWC lecturer, Anthea Josias described the visit as informative and inspiring. 'It's just great that our students have this opportunity to visualise the course content, and also hear first-hand of the unfunded mandate, conditional grant and municipal replacement funds,' she said.



Library Service director, Cecilia Sani welcomed the students



Razaan Khan explains the processes involved in preparing the books for the libraries



Nomonde Ngqoba explained the processes of book selection




Unique libraries from around the world



Picture Book Library
Iwaki City, Fukushima, Japan

Turned off by the quiet atmosphere of traditional libraries, the library's founder gave the architect free rein to create a space that would be inviting for children. His only order was to make sure the covers of the books were visible. The glass-walled and vibrant end result was celebrated as a new paradigm in educational spaces in Japan, and as an architectural masterpiece.



Taipei Public Library Beitou, Taiwan

The Taipei Public Library in Beitou was the first building in Taiwan to receive the highest EEWB domestic green rating possible, making it the most eco-conscious building in the country. Built with recovered wood, the library also uses photovoltaic cells to generate power, has an insulating 20 cm layer of soil on the roof, and uses collected rainwater to flush toilets.




St. Catherine's Monastery South Sinai, Egypt

The oldest continually operated library in the world, St. Catherine's Monastery has been around since it was first built by the order of Byzantine Emperor Justinian I, sometime around 564 AD. It currently holds over 3,000 religious and educational manuscripts and approximately 8,000 printed books, including first editions of Homer and Plato.



Trinity College Long Room
Dublin, Ireland

Ireland's oldest university, Trinity College, is also the location of the largest library in Ireland. The oldest and rarest of its collection is housed in the Long Room, the largest single-chamber library in the world with over 200,000 volumes preserved inside. Aside from famously housing one of Ireland's national emblems, the Brian Boru harp (yes, the one from the Guinness logo), the Long Room made headlines again for serving as the 'unofficial' inspiration for the Jedi Archives in **Star Wars Episode II: Attack of the Clones**.



Centrale Bibliotheek
Amsterdam, Netherlands

Amsterdam's Centrale Bibliotheek is the largest library in the Netherlands. A ground source heating system coupled with highly efficient boilers uses atmospheric air for cooling which, in addition to rooftop solar panels, sustainable building materials, and a sophisticated energy storage system, makes the Central Library the greenest building in Amsterdam.

An extract by Sarah Park first published on www.matadornetwork.com/trips/15-super-unique-libraries-around-the-world-pics/

Do you tsundoku? Beware if you're a book lover

Hoarding is more like a spectrum than a binary classification, and most of us fall somewhere between 'KonMari' (named after a Japanese decluttering specialist) and 'get professional help'. In fact, collecting needless things is such a common human experience that the Japanese have developed a very specific word for my particular favourite flavour: hoarding books.

Yep, it's true: The Japanese word 'tsundoku' originated as a slang term to define the habit of buying books and letting them pile up without reading them. You might use it to explain to friends why you can't stop filling up Amazon cart after Amazon cart with titles you can't possibly have enough time to read, or why you feel OK about buying books by the foot to fill an empty bookshelf.

According to Wikipedia, tsundoku (*tsoon-doh-koo*) is a portmanteau that comes from the Japanese words for piling things up for later — 'tsunde-oku' —and the word for reading books — 'dokusho'.

Chances are you feel about this new linguistic information one of two ways: Either you can't possibly believe that it's possible to own *too many books*, in which case, carry on with your bad self, OR, you're facing the sudden realisation that you, too, suffer from tsundoku.

If you have a tsundoku problem, there are more than a few ways to complete book hoarder rehab:

- **Purge and conquer:** It's certainly the cold turkey way to go about this, but the best way to handle an unread book problem is to sort through your collection and donate these unread books to people who will savour each word and give them the attention they deserve
- **Organise:** If your book-piling problem is more about the piles than the books, good news: Getting that under control is easy. Get thee a brand new bookshelf and decide how you want to sort 'em.
- **Go digital:** Collections need not take up a ton of space. If the thought of cutting off your tsundoku habit gives you the shakes, you can still hoard hundreds — thousands!, millions! — of books and magazines without taking over your home. A \$10 subscription to *Texture* will give you digital access to all the magazines, and something like *Kindle Unlimited* can take care of the books.

(www.apartmenttherapy.com/tsundoku-japanese-word-for-book-hoarding-244396?utm_source=facebook&utm_medium=social&utm_campaign=managed)



In celebrating the **Cape Librarian's** 60th anniversary, we publish the first editorial of each ten year period. In this issue we feature January 2007.

EDITORIAL

We started the new year off like eager little beavers to get this, the first issue of the **CL** volume 51 off the press. Yes, the second oldest library-orientated magazine in the country is turning fifty this year and, to quote assistant director Stefan Wehmeyer: 'It is not an everyday occurrence for a magazine to reach this age and then still to have her original name. No marriages, divorces, step families or nasty in-laws... May this spinster be with us for many more years!' During the year we will be featuring the various stages of development of the magazine and the Library Service and allow you to relive those days in the mood of the time (page 16).

Then of course we are only a month away from our annual flagship promotion, Library Week 2007. This year famous South African celebrities (some of international fame), endorse this year's *Your Stars say READ* project. Read more about the lives of these famous people on page 14.

Page 9 features Dr Robert Stuart, United States award-winning American librarian and author of the well-known

Library and Information Center

Management, who provides us with an extensive discussion of the latest trends in preparing librarians and information professionals for the future.

Several requests from our readers led to the compilation of a much-needed annotated bibliography of African writers. On page 23 book selector Johanna de Beer showcases African talent.

And finally, a discussion of the late Dalene Matthee's final novel, **Die uitgespoeldes** that appears on page 22. Hers was the first Afrikaans book ever published in Penquin's 70 years of existence — a well-deserved accolade for this famous South African author.

I leave you with this and the promise of many more articles of interest in this issue.

Grizelle Bar-leuxton

40 years ago ... | 40 jaar gelede ...

- In the spirit of the upcoming festive season, the **CL** dedicated more than seven pages on the history of Christmas carols. Mary Kleinschmidt provided great detail about their roots and regional differences. She noted that carols originated in Italy during the 13th century, whereas in Sweden a variation called dance carols also exists. (This is still performed today, where a group of people dance around a tree while singing songs like *Nu är det jul igen* and *Ritsch ratsch Filibom*.) There are also shepherd carols: one of the earliest and perhaps the most universally sung and loved is *O come all ye faithful*. This stirring song has the same tune as the military hymn *How firm a foundation*. It is performed in both Protestant and Catholic churches and has been translated in more than 120 languages and dialects. For many decades carols have been a source of comfort during periods of adversity. During the long lasting Argonne Forest battles of World War I, the German troops in their trenches sang *O du fröhliche, o du selige!*, while the French answered with *Noë! Noë!* To celebrate Christmas Day the troops ceased firing for several hours and exchanged small gifts.
- Ilse Ahrends undertook a survey of teenage reading habits. This survey was conducted at 12 public libraries in the former Cape Province. It was found that both English and Afrikaans teenagers prefer light fiction and romances to more challenging, highbrow pieces. She advocates that librarians should play a major role in reader guidance. By virtue of our profession we really ought to care more about what people are reading.
- The **CL** reported on the death of Maria Callas. Her greatest performances came after she lost nearly 36kg in body mass, which added another dimension to her acting career. Though it has been alleged that this transformation cost her the creamier notes of her upper register, it turned her into a spectacular performer nonetheless.
- What inspired genius?
 - Victor Hugo: A ride on the top deck of a bus.
 - Toulouse Lautrec: Low company.
 - Thomas De Quincey: Opium.
 - Mozart: A game of billiards, preferably with himself.
 - Beethoven: Buckets full of cold water to pour over himself every hour.

10 years ago ... | 10 jaar gelede ...

- In die Januarie/Februarie-uitgawe leer ken Stefan Wehmeyer, ja — ek — die vreemde verskynsel van die internet. Die sosiale media-reus Facebook se voorgangers — Bebo, MySpace en Metacafe (name wat ons kinders seerseeker nooit van sal leer nie) het toe nog die botoon gevier.
- Op dieselfde bladsy bewonder ek die internet se gratis ensiklopedie, Wikipedia. 'Die Engelse weergawe van Wikipedia bevat 1 574 738 artikels.' (Vandag is dit 5 515 000.)
- Google's top ten South African searches in December 2006 were: 1. Absa 2. Britney Spears 3. Christmas 4. Unisa 5. FNB 6. Standard Bank 7. Paris Hilton 8. News24 9. Vodacom 10. Nedbank.
- Ten years later the list read: 1. How to download Pokemon Go 2. How to build a strong business relationship 3. How to lose belly fat 4. How to heat up cosmetic oil for production 5. How to remove bookmarks 6. How to make slime 7. How to tie a doek 8. How to deal with poor confidence 9. How to cope with being alone 10. How to prepare battered jackfruit.
- The March/April issue runs a two-page article on the newly implemented 13-digit ISBN numbering system which was introduced on 1 January 2007.
- Die voormalige senior administratiewe beampte, Pierre de Villiers groet die Provinsiale Biblioteekdiens na 39 jaar.
- Heidelberg Library librarian Suzette Coetzee is shown holding up the waiting list for the latest Harry Potter book in the September/October issue.
- On page 9 of the May/June issue there is a picture of a water-saving display at Meul Street Library in Paarl. (If only the rest of us listened back then!)



‘Ek leef myself eerder dood; ek doen dit’

deur Catherine du Toit



Verskaf/netwerk24.com

Ryk Hattingh: 1957 – 2017

Ryk was Legio. Altyd te na aan die afgrond van die varkekrans: ongedurig, rusteloos, verlangend. ‘Ek moes my lewe lank myself en my geesdrif en my waansin en my begeerte en drifte en drange afskaal, wegsteek, verdoesel om enigsins ’n staanplekkie tussen die ander waansinniges te kry en selfs daar het ek myself dikwels onwelkom gevoel. Op ’n goeie dag het ek meer energie tot my beskikking as ’n gemiddelde tornado. Ek kan mense begeester, ophits, aanjaag... Maar op ander dae die teenoorgestelde. Dan rem ek hulle af, vryf hulle neuse daarin. Dis hoe ek is.’

Diep in die kronkels van sy brein het poele konstant geborrel en geprut: Kolkende lawa wat wou vuur spoeg, nuwe wêreld skep, mooi maak. Aan die ander kant was daar ’n ewe diepgewortelde begeerte na bestendigheid, konstante liefde, ’n tuin waar sy teenwoordigheid die voëls kon laat sing en ryp granate laat groei. En soms weer, was dit af, af, af in ’n maalkolk, ’n moordkuil, die walvis se buik. Slinger, slinger; donker angs, verblindende lig, verbysterende seisoene.

Wat bly nou oor? ’n Skielike vloedgolf herinneringe vul bladsye op sosiale media, koerante, e-pos-kettings. Woorde wat spreek van verstomming, verlies en amper ’n soort verontwaardiging: Hoe durf iemand wat (soos Willem Kloos in een van Ryk se gunstelinggedigte) so graag nog heel, heel veel wou doen, gaan staan en doodgaan? Skrywer, skoelapper, gesinsman, geliefde, verloopte, verraaier, vriend. Soveel fragmente. En elkeen wat onthou, dra, solank ons leef, ’n stukkie Ryk saam met ons. Natuurlik is daar die onstofflike herinneringe van teenwoordigheid en stem en reuk en lag, veral lag. Maar daar is ook woorde. En hoe kry ’n mens dit reg om in woorde en in sinne, in vorme wat orde moet uitdruk, ’n bestaan vas te vang wat so wanordelik ver buite die norm lê? Hoe kan geheimnisse of dit wat die hart verbyster, uitgedruk word in herkenbare konstruksies? Hierdie is nie bloot die ydele vrae van ’n treurende nie.

Dit spreek tot dit wat Ryk self gesien het as die dilemma van skryf: ‘Om die lewe met taal te skep. Om “verlore” ervaring deur middel van taal te “herwin”. Die drang om in woord te word. Om ervaring te vertaal.’ Wat saak maak, is dus nie alleen om die tyd en eenheid van verlore ervaring

noukeurig voor te stel nie, maar woorde op só 'n manier in te span dat hulle lewe verwek.

In 'n berig soos hierdie is dit ál wat 'n mens kan hoop om te bereik. Die fel pyn van verlies is op sigself 'n teken van lewe, van die vitale werklikheid van dit wat was en nie meer is nie. Uit die stilte en afwesigheid wil ek probeer om vir 'n oomblik 'n skim van Ryk te laat herrys, sover moontlik, in sy eie woorde. In **Huilboek** gaan Ryk op 'n soortgelyke manier om met die spanning tussen hede en verlede. En só het die boek hom gelei van die verganklike tyd van die skrywende, tot die oomblik van publikasie waarop sy woorde vrygestel is in 'n tydloosheid, om deel te word van ander sterflikhede.

Na 15 jaar van stilte is **Huilboek** bekroon en word Ryk Hattingh uiteindelik erken en gevier as skrywer. Dat hierdie boek hoegenaamd bestaan, was egter nooit 'n gegewe nie. Die lou ontvangs van **Eensnaar** in 2001 en veral die ondeurdatte kritiek op die stuk, het Ryk vir 'n hele dekade laat swyg uit vertwyfeling. Moontlik was hierdie stuk sy tyd te ver vooruit. Dit verweef 'n digte ineenstrengeling van outobiografie en die lewe van Leipoldt met temas wat deur vlakke sny en drade bymekaar trek: Verdwyning (van mense, tale, volke, Boggems en Voertsekke), skryf (as 'n eiland, op 'n eiland, in 'n doodloopstraat: 'Verbeel jou 'n here. Verbeel jou 'n god. 'n Wese wat omgee. Wat bereid is om nie op te hou skep nie. Iemand wat die gemors en verdriet in stand kan hou'), die gedobber van onworteldes, dinge wat verbygaan (liefde) en dinge wat verby is, maar nie wil dood nie (oorlog, bitterheid, Engelse, Nasionaliste).

Met die kennis van nawete, wil dit voorkom of **Witskrif, Eensnaar** en **Huilboek** 'n triptiek moet vorm. Elkeen van die tekste druk 'n vinger in die wond van verlies, van hiér en dáár, van orde en sensualiteit, van eie chaos en woede en perversie. Die hoofkarakter kruip oor 'n nuwe landskap, aanvanklik huiwerend, vergelykend, dan met moeisame besitneming van die onbekende deur name (van plante) en beskrywings, gevolg deur penetrasie van die grond; plant en oes en eet. Asof Adam Oos van Eden weer van voor af moes begin om die diere en plante naam te gee. Van die walging van vergryp tot die stilte van 'n oeroue klip wat deur oormag aan die verborgenheid van die aarde ontruk is; en deur alles 'n vlymskerp lyn van afstanddoening.

Tien jaar nadat hy 'sy vlerke geskroei het' met **Eensnaar**, het Ryk weer begin skryf, stuk vir stuk, soos 'n gewonde wat weer moes leer loop. Ietwat stram het hy flenters en fragmente bymekaar gehark. Hy het woorde gepak soos iemand wat bou aan 'n droë klipmuur, soos 'n korbeelhuisie in die Karoo, waar vorme en klanke langs mekaar gaan lê sonder sement, klippe swewend in die lug. 'n Broosheid, 'n vlugtigheid, 'n volmaaktheid te midde van die gewig van pyn en verwonding en eensaamheid. Soos die ondraaglike spanning, gelyktydige versugting na vryheid en begeerte, begerende vryheid.

Dit het hom 'n ruk geneem om weer te vertrou dat sy woorde ontvang kan word: 'Skryf was nog nooit maklik vir my nie. As ek regtig in die *zone* is en woorde vloei en die hare op my lyf vibreer in hul oksels, kan ek miskien 'n duisend woorde per dag skryf, maar meestal driehonderd of so. Dis eintlik 'n wonderwerk dat ek myself nog enigsins bemoei met skryf! Toonaard staan sentraal tot my werk. As die toonaard nie reg is nie, is alles verkeerd. Ek sal alles opoffer vir die regte toonaard. Ek is my lewe lank tog so *precious* ek kan kots daarvan!'

En nietemin, tussen die versool van skoene, die graveer van bakers, die grootword van kinders, die kook van vis en patats en myle en myle se soek op strande na fabelagtige

immerontwykende ambergrys, het woorde weer onder sy hand vorm begin aanneem. 'Een van die ingrypendste veranderinge in my wêreld en my persoonlike mitologie, is die feit dat ek weer begin skryf het. En ja, ek kan sien hoe my woorde hul lêplek vind, ek voel die vertrouwe in hulle soms deur my bruis...'

Soms het die woorde te swaar geweeg, wêreld het gekantel en 'n lyf kan ook net soveel vat. Soos Hermann Hesse iewers in 'n brief geskryf het; 'n Mens sterf so verdomp stadig, asof tande, spiere, bene elkeen op sy eie wil afskeid neem. Ryk se bloed het gebruis en sy palms het getintel, maar stuk vir stuk, oor 'n paar jaar, het die karkas begin groet. Asof die raamwerk van vlees en bloed geleidelik wou oorskuif om 'n skelet te vorm vir die nuwe wese van woorde wat **Huilboek** sou word.

'En ja, ek is besig om te bou aan 'n binnestruktuur. 'n Vloeiende uiterlike manifestasie van 'n innerlike chaos. Naas poskaarte van vriende en geliefdes uit vreemde wêrelddele, aanhalings uit boeke, prentjies wat tydvakke simboliseer, word ou foto's van dooie mense, ander van lewendes, met duimspykers teen 'n *pinboard* vasgepen. En agter alles lê 'n lewe en 'n liefde wat hopelik verwoord kan word.' Die weeswoorde, monoloog, van **Eensnaar**, het gaandeweg geswel tot 'n polifonie van kontrapunt, van klank en weerklank: 'Dis nie eens meer moontlik vir my om met sekerheid te sê wie het wat geskryf nie. Briewe van jou aan my en briewe van my aan jou lyk dieselfde. Ons het mekaar geword. Ons taal is een. Ons versugting is een. Ons verlange ons pyn. Ek het selfs gewonder of ons nie met onself praat siende ons een is nie. Of ons mekaar nie droom nie, soos Boesmans deur mekaar gedroom word nie. Dis alles wat ek vandag gedink het.'

Skrywer, skoelapper, gesinsman, geliefde, verloopte, verraaiër, vriend. Soveel fragmente. En elkeen wat onthou, dra, solank ons leef, 'n stukkie Ryk saam met ons

En hier sit ons nou; met 'n boek en 'n prys en handevol vere en herinnering en huil.

'En ja', sê Ryk, 'alles eindig in die dood. Die klein dood, die groot dood, die doodse dood. (...) Selfmoord bly goddank altyd 'n opsie, maar 'n mens gaan jou asem mors as jy dit na 'n klein psalmboekie doen. Skryf daai baksteen en doen dit dan. In my geval is selfmoord dus nie op die kaarte nie.

'Ek leef myself eerder dood. Ek doen dit. Leef myself dood.'



Hierdie is 'n verwerking van 'n huldeblyk aan Ryk Hattingh in Die Burger van 21 Oktober 2017. Du Toit is die voorsitter van die departement van moderne vreemde tale aan die Universiteit Stellenbosch.

Huilboek is vanjaar bekroon met die kykNET-Rapportboekprys vir fiksie. Tien dae nadat Hattingh sy prys in Suid-Afrika ontvang het, sterf hy weens 'n hartaanval in Nieu-Seeland, waar hy en sy gesin sedert 1997 gewoon het. Hy was 60 jaar oud. - Red.



In die tuin van digters

deur Marlene Malan

Die sesde Tuin van Digters-kultuurkongres, wat weer vanjaar in die Breytenbach-sentrum op Wellington aangebied is, was 'n viering van die skeppendheid en uitdagende styl en talent van Afrikaanse digters.

Dié twee dae in September was propvol hoogtepunte — van die viering van die sentrum se tiende verjaardag tot die huldiging van die lewensbydrae van Wilma Stockenström; van gesprekke oor die invloed van Breyten Breytenbach (na wie die sentrum vernoem is) op die werk van ander digters, tot die band tussen Afrikaans en Europa; van kunsuitstallings tot voorlesings van gedigte vir en deur kinders; van musiek deur Tribal Echo, Laurinda Hofmeyr en Schalk Joubert tot dié van Die Wasgoedlyn en die rymkletser Sjaka Septemvir.

Dit was 'n naweek van gesprekke oor skryfwerk en saambesin oor die digkuns, in formele gesprekke maar ook oor 'n glasie Bolandse wyn in die Woordtent en die Akkoordtent.

Maar dit was veral 'n naweek van eerstes. Die Ingrid Jonker-prys vir debuutwerk is die eerste keer by die Tuin van Digters toegeken, die debuutwerk van Jolyn Phillips (**Radbraak**), Corné Coetzee (**Nou, hier**) en Bibi Slippers (**Fotostaatmasjien**) is bespreek en **Nuwe Stemme 6** — 'n bundel met die werk van 21 splinternuwe digters, is bekendgestel.

Die digters Charl-Pierre Naudé en Bibi Slippers was die samestellers, koördineerders en redakteurs van **Nuwe Stemme 6** (NB-Uitgewers). Volgens



Hierdie beeld hou wag oor die pragtige tuin en sentrum



Bibi Slippers en Charl-Pierre Naudé stel **Nuwe Stemme 6** bekend

Alle foto's: Marlene Malan



Daniel Hugo en prof. Frances Galloway kuier in die Akkoordtent

Slippers was daar 270 voorleggings van nuwe digters. Elkeen kon sewe gedigte instuur vir keuring. 'Dié wie se werk opgeneem is, moet weet hulle is die heel beste, want 'n paar digters wat goeie werk gelewer het, het net-net uitgeval. Baie mense wil graag skryf, maar kry dit nie heeltemal reg nie. Daar was selfs deelnemers wat gesê het hulle lees nie graag nie, want hulle wil nie beïnvloed word nie. So 'n houding verstaan ek nie — dit wys in hul werk dat hulle nie weet wat hulle doen nie.'

Naudé het gesê ná herhaalde sifting is dertig 'stemme' gekies wat moontlik opgeneem sou kon word. Daarna moes nog moes nog 'n paar van hulle uitgehaal word. 'Dit was tragies.' Dié wat uiteindelik opgeneem is, kom uit alle lewensvlakke — wat skryfstyl, loopbane, lewensgesteldheid en ouderdom betref.

Soos in vorige jare het die digter Diana Ferrus en haar groep die Mengelmoesdigters van hul werk voorgedra — digters wat poëties oor gewone mense en belewenisse vertel en 'n blik gee op die alledaagse lewe. Fiona Fertyn, Adriaan Williams, Ruth Robertson, Merle Danhouse, Gaireyah Fredericks, Sophia Oliphant, Jacqueline Saaiman, Nazlee Jeppie en Cecil Carrollisen het in Afrikaans, Engels en Kaaps van hul gedigte voorgelees. Vyf van dié digters het al 'n debuutbundel, of in versamelbundels, gepubliseer. Fredericks is die produktiefste, met drie bundels op haar kerfstok — **Mientjies, Kaaps is Hollands en 40 stories, 40 woorde op 40** (selfpublikasie).

Die Vlaamse akademikus Yves T'Sjoen, bestuurslid van Het Gents Centrum voor het Afrikaans en de Studie van Zuid-Afrika aan die Universiteit van Gent en 'n uitnemende kenner van die Afrikaanse letterkunde, het die aanbod van Afrikaans in Europa met die digter Daniel Hugo bespreek. 'Afrikaans is ongetwyfeld 'n internasionale taal,' het T'Sjoen gesê. 'Die Afrikaanse taal- en letterkunde word by verskillende plekke in die wêreld bestudeer. Dis jammer universiteitsbesture in Suid-Afrika is nie altyd bewus van die status van Afrikaans as spreek- en akademiese taal in die wêreld nie. Nederlands en Vlaams het 'n sustersverhouding met Afrikaans. Ons het dus 'n regstreekse toegang tot die ryk Afrikaanse literatuur.'

Die digter Danie Marais het T'Sjoen en Hugo 'die twee bemiddelaars tussen Afrikaans en Nederlands/Vlaams, tussen Suid-Afrika en die Lae Lande' genoem. Die vertaling van Afrikaanse prosa en poësie in Nederlands in Suid-Afrika neem toe en van die beste letterkunde in België en Nederland kan deesdae in Afrikaans gelees word, danksy die uitgewer Protea

Boekhuis, met Hugo as voorste vertaler van dié literatuur.

T'Sjoen het aangekondig dat 'n leerstoel in die Afrikaanse letterkunde, wat deur 'n Suid-Afrikaanse akademikus in Afrikaans beklee gaan word, pas ingestel is by die Universiteit van Gent — met prof. Hein Willemse van Tukkie wat binnekort hierheen gaan vertrek. 'n Inwonende Afrikaanse skrywer gaan ook nou jaarliks die geleentheid gebied word om drie maande in België te woon en werk. 'Met die bemiddeling van Gent hoop ek dat wedersydse denke gestimuleer word, dat daar 'n inter-universitêre as tussen Suid-Afrika en België gevestig word. Die Afrikaanse digkuns beleef 'n tydperk van opbloeï. Dis soos 'n renaissance; daar is 'n nuwe dinamiek,' het T'Sjoen gesê.

In 'n gesprek oor die invloed van Breyten Breytenbach op ander Suid-Afrikaanse digters het Marais verwys na 'die moeiteloosheid waarmee Breyten se woorde in sy digkuns vloei — altyd ongeforsed. Hy is die nomadiese figuur wat oral is, iemand met 'n eiesoortige stem, 'n skrywer met talle personas.'

Volgens die akademikus prof. Louise Viljoen van die Universiteit van Stellenbosch 'identifiseer jonger digters graag met Breyten se werk, omdat dié digter hom losgemaak het van tradisie.'

Viljoen het gesê dat twee temas, of verwysings, na Breytenbach se werk dikwels in ander digters se werk voorkom: Dit is die *rooiborsduif* en die *maer man met die groen trui*. 'Selfs in die skryfwerk van mense wat nie juis literêr ingestel is nie, sien 'n mens dikwels hierdie verwysings.'

Breyten Breytenbach is 'n digter met 'n literêre intuïsie, een wat homself nooit in 'n té ernstige lig beskou nie, het die skrywer Ampie Coetzee gesê.

In haar gesprek oor **Radbraak** het die digter en jazzsangeres Phillips gesê sy lees alle digkuns 'waarop ek my hande kan lê'.

'Ek ploeg deur die indrukwekkende werk van die dertigers, die sestigers en die tagtigers. Dis iets wat gedoen moet word, want deur omvattend te lees, ontdek jy jou eie stem. Maar om almal te leer ken, is 'n stadige proses.'

Sy is versot op die werk van Adam Small, Wilhelm Knobel, Peter Blum, SV Petersen en veral Stockenström. 'Wanneer jy Wilma se woorde lees, kom jy algaande agter daar skuil iets daaragter. Sy's soos 'n spook wat agter woorde wegkruip.'

Hilda Smits, wat die Ingrid Jonker-prys vir debuutwerk ontvang het, se **Bome reusagtig soos ons was** is as 'n boeiende debuut' beskryf. 'Dis soos 'n intieme gesprek waarop die leser instap, hoogs persoonlik, maar terselfdertyd ook universeel. Haar gedigte is byna visueel, aangebied as 'n bewussynstroom, soms surrealisties, 'n werk waarin tyd en ruimte uitstekend ontgin word.'

Die ander finaliste was Slippers se **Fotostaatmasjien** en Hendrik J Botha se **Atropos**. Die beoordelaars was Johann de Lange, Nathan Trantraal en Louis Esterhuizen.

Jonker, wat in 1965 selfdood gepleeg het, se dogter, Simone Jonker, het die prys aan Nicol Stassen, uitvoerende hoof van Protea Boekhuis, oorhandig omdat Smits, wat in Amerika woon, nie die geleentheid kon bywoon nie.

Breytenbach se broer, die fotograaf Cloete Breytenbach, het die geleentheid — een van die mees gesogtes op die Suid-Afrikaanse literêre kalender — perfek in konteks geplaas toe hy gesê het die Breytenbach-sentrum was dekades gelede die woonhuis van dié gesin, 'maar deesdae is dit 'n sentrum vir die gemeenskap. Dis nie 'n museum nie. Dis die tuiste van die Afrikaanse digkuns'.

Marlene Malan is 'n vryskutjoernalis, -vertaler en -taalversorger en woon in Prince Albert





Emily Hobhouse
Boekontwerp
die storie agter die storie

saamgestel deur Grizéll Azar-Luxton

In Amanda Botha se resensie van die boek **Emily Hobhouse: Geliefde verraaier** noem sy: 'Die boekontwerper Hanri Gerischer verdien spesiale lof.' Ons besluit toe dat, synde ons so baie oor boeke en skrywers skryf maar nooit oor wie eintlik die finale produk goed laat lyk nie, ons vir Hanri gaan nader om die storie agter die storie te vertel... Hier beskryf sy die ontwerp-proses van 'n nie-fiksie boek/voorblad.

Vandat ek kan onthou het ek daarvan gehou om mooi te maak. Kuns was my gunstelingvak op skool en ná skool kon ek nie anders as om grafiese ontwerp by die Technikon van Port Elizabeth te gaan studeer nie. Daar het ek finaal besluit dat ek liever in die grafiese deel van die kunste wil werk as byvoorbeeld skone kunste.

My eerste liefde is eintlik tydskrifontwerp. Ek is tans kundsdirekteur by *SARIE* en dit is my absolute passie. Ek glo uitleg is een van my sterk punte en daarom is dit vir my gemaklik en lekker in die bedryf.



Foto: verskaf

Is boekontwerp iets wat jy studeer het?

Boekontwerp was 'n natuurlike uitvloeisel van tydskrifontwerp. Ek glo dit is 'n goeie basis, so dit was nie vir my 'n moeilike oorgang nie. Ek dink nie dit is iets wat jy spesifiek voor studeer nie. 'n Generiese grafiese ontwerpgraad berei jou voor vir alle aspekte van bladuitleg en ontwerp.

Lees jy eers die manuskrip voordat jy aan die ontwerp dink?

Dit is baie belangrik vir die ontwerper om 'n goeie idee en begrip te hê van die storie. Dit is jou werk om dit visueel weer te gee sodat dit vir die leser maklik en duidelik verteerbaar asook mooi op die oog is. Veral met 'n boek soos **Emily** wat baie visueel is. Ek het nie die hele manuskrip woord vir woord gelees nie, maar het seker gemaak ek het 'n breë idee van wat in elke hoofstuk gebeur. Ek moes foto's kies en bymekaar sit, so ek moes verstaan en seker maak die leser verstaan. Dit word dan aan die opdragredakteur van die uitgewer deurgegee, wat verder saam met my sal werk om dit so deeglik en mooi as moontlik te kry.

Het jy iets met die voorblad se ontwerp te doen?

Dit is die belangrikste deel van die ontwerp van 'n boek. Ek sal 'n paar opsies ontwerp en dit aan die uitgewers voorlê. Hulle kom dan met veranderinge of voorstelle plus die opsie wat hulle verkies. So sal ons aanhou skaaf totdat ons voel dit is die treffendste voorblad wat die boek mooi opsom en sterk sal staan op die boekrak.

Is dit jou eerste boekontwerp?

Emily was my tweede boek. Voor dit het ek Herman Lensing se kookboek, **Vorskoot 2**, ontwerp en intussen nog drie ander kookboeke. Ek doen dit in my vrye tyd wanneer ek nie besig is met my voltydse werk by *SARIE* nie.

Hoe lank neem dit?

Dit hang af. **Emily** was ontsettend ontwerp-intensief, so dit het uiteraard langer geneem. Die uitgewer wou 'n meer visuele ervaring vir die leser bied. **Emily** het ek meer soos 'n tydskrif hanteer: blad vir blad met 'n mooi visuele vloei.

'n Kookboek is anders. Jy as ontwerper werk met voorafbeplande kosfoto's met resepte daarby — 'n ietwat makliker en vinniger proses.

Wat is die verskillende stappe?

Met enige boek kry jy eers 'n opdrag van die klient of uitgewer. Ek sal konsepontwerpe doen van so drie hoofstukke en dit voorlê. Hulle kom dan met veranderinge of voorstelle en ek sal dit daarvolgens aanpas totdat hulle tevrede is. Daarna kan ek voortgaan met die res van die ontwerp.

Hoe lank tyd kry jy om die ontwerp te doen?

As ontwerper het jy altyd 'n vaste sperdatum waarby gehou moet word. Die boek moet op 'n sekere datum drukkers toe gaan. Hierdie tydlyn word deur die opdragredakteur van die uitgewers bepaal. Dit verskil dus van boek tot boek.

Wie is by die finale goedkeuring betrokke?

Daar is baie goedkeuringsprosesse. Die proefleser keur die teks goed. Dan sal die opdragredakteur finaal daarna kyk en dit aan die skrywer stuur vir goedkeuring. Die foto's van die boek word dan ook vir reproduksie gestuur om te sorg dat alles perfek en reg is om gedruk te word.



Pieter Fourie

gekaapte passie

deur Marlene Malan

Ou liefde roes nie, sê die dramaturg en digter Pieter Fourie. Dié liefde van hom is al sedert sy jeugjare iewers in sy hart. Op krapseeltjies papier in 'n lessenaarlaai.


Maar voordat hy ses dekades gelede dié liefde, die poësie, kon begin uitleef, kom die teater en kaap hom. Word sy brood en botter en bied aan hom 'n loopbaan wat aan hom die etiket van topdramaturg besorg het.


Met 16 gepubliseerde dramas, verskeie rolle as akteur en 69 stukke as regisseur op sy kerfstok, het dié dramaturg een van Suid-Afrika se voorste teaterpersoonlikhede geword. By skryf het dit nie gebly nie. Hy was ook betrokke by artistieke beheer en teateradministrasie, onder meer 16 jaar by KRUIK (deesdae KunsteKaap) en vyf jaar as KKNK-hoof. Sy tweede liefde het aan hom 'n eredoktorsgraad besorg. Saam met PG du Plessis het Pieter die Afrikaanse dramaverhoog oopgeskryf om teater na doodgewone mense te bring.

Hy was sewentig toe hy besluit het 'om die gordyn te laat val', vertel Pieter. 'Ek het gedink: Oumense moenie in die water mors nie, die kinders wil dit drink. Toe keer ek terug na 'n ou liefde — ou liefde roes mos nie!'

Die krapsele in die lessenaarlaai is uitgehaal. Op 77, vroeër vanjaar, word Pieter die oudste poësie debutant in Afrikaans, toe **knapsekêrels** (Naledi) verskyn. Die digbundel is goed ontvang. Pieter se geloof in sy vermoëns was reg.

Hy vertel sy liefde vir die digkuns kom van ver af, maar het veral gegroei tydens sy studentejare. Hy is gekeur om DJ Opperman se diglaboratorium by Maties by te woon. 'In daardie stadium was my agtergrond en verwysingsveld in die letterkunde skraal. Die onmiddellikheid van die teater het my aangetrek. Ook die feit dat dit 'n groepskuns is, 'n ensemble met voortdurende kruisbestuiwing en interaksie tussen dramaturg, regisseur, akteur, ontwerpers en gehore.'





‘Taal is ’n ongeëwenaarde
minnares as die kwinte
en kwale met hul aftakeling
op eie werf kom koggel’



Alle foto's verskaf: Pieter Fourie

Hierdie teaterliefde en -ervaring lees 'n mens raak in **knapsekêrels**; veral Pieter se liefde vir Shakespeare, met sekere Shakespeare-karakters wat hul opwagting maak in bepaalde diere — Malvolio word 'n kalkoen, Horatio 'n makou, Richard III 'n duif. Vir Shakespeare self noem Pieter in sy gedigte 'Skudlat'.

'Shakespeare is ná vier eeue nog net so springlewendig as toe hy die planke bewandel het. Hy het die lewe gekonfronteer, die menslike psige gedissekteer en ontbloot soos niemand voor of ná hom nie. Om sy werk te lees, daarin te speel of daarna te kyk op 'n verhoog, verryk jou emosioneel en intellektueel, sonder dat jy daarvan bewus is. Die essensie van sy karakters sien ons nie alleen universeel in die mens nie, maar soms ook in die fauna en flora. Dis heerlik om van hulle as diere op 'n plaaswerf te sien gedy. Malvolio sou moes uithaal en wys met sy lang geel kouse, teenoor Kalkoen se gespande vierk rondom die hen!

'Skudlat' is sy eie skepping, sê Pieter. 'Dis 'n stoutlekker stukkie skunnigheid! Daar word hoeka al van toeka af geskinder die ou was in die kas. En Lady Macbeth kan 'n paar dingetjies by Mevrouw Bidsprinkaan leer.'

Literator en resensent Amanda Lourens noem **knapsekêrels** 'een van die groot digterlike verrassings van die afgelope paar jaar. Dis 'n bundel wat deur 'n bedrewe woordkunstenaar tot stand gebring is', skryf sy.

Dié verse praat oor doodgewone, alledaagse dinge en gebruike, soos byna uitgestorwe ambagte — om put te grawe, seep te kook, bokke op te pas, die plaasskuurdans, veldkosse te eet. Hy hunker nie soseer na dié gebruike nie, of na die 'ou dae' nie, 'maar ek het 'n herwaardering van kwaliteit en die vermoë om onder moeilike omstandighede selfversorgend te wees. Op afgeleë dorpies is jy uitgedaag om aan te pas. Jy was nie 'n uitsondering as jy eers op veertig jou eerste roomys eet, of as jy nooit in jou lewe die see gesien het nie. Jy het dus as volwassene baie dinge met die onskuld van 'n kind ervaar.

Ervaring van die lewe was my leermeester. Die skool- en kerkbanke het 'n weetgierige kind afgestomp op talle terreine van menswees. Ek het vroeg ervaar dat die skeidslyn tussen beplanning en knoei iets is waarvoor jy lewenslank op jou hoede moet wees, en die barmhartige Samaritaan en huigelaar is bloedfamilie. Ambagsmense het my gefassineer. Hul hande was hul trots en toerusting vir die skep van 'n lewe.'

In **knapsekêrels** wy Pieter 'n hele afdeling aan voëls. 'Om ná skool, op vakansie, met jou seksuele ontwaking, jou tyd in die natuur deur te bring, was altyd 'n verrykende ervaring. Om die gekoer van 'n tortel perfek na te boots, het my soos 'n komponis laat voel. Om 'n miskruier dop te hou, het groot vroe in my gedagtewêreld laat krioel. Hennie Aucamp het gesê: "Kultuur is getemde natuur." Ek het in 'n leeftyd tussen dié twee pole volkome mens probeer word. Dis 'n rykdom wat selde in die eksklusiewe speelvelde van die materiële gevind word.'

Pieter vertel hy het saam met plaasarbeiders grootgeword en sy meegevoel met hul omstandighede is nog 'n tema in **knapsekêrels**. 'Hulle was eerbiedwaardige mense, mentors van die natuurlewe. Hulle was praatjiemakers en storiegooiers uit die boonste rakke. Hulle was kosmakers van dinge wat jy nooit andersins te ete sou kry nie — soos roomiere en vlieërsprinkane, marog, waterskilpad en springhaas. In my opgroeiare het ons nooit 'n plaas besit nie, maar saam met van my skoolmaats was dit oor naweke ons heimat. Ons was verwonderd oor die wêreld om ons.'

Net so het Pieter se liefde vir streektale, veral dié van die Griekwas, hom bygebly. 'My eerste sewe lewensjare was op Philippolis. Adam Kok se wêreld. Daar was nog baie Griekwa-gesinne en -nasate, ook op die nabygeleë Luckhof. Op die plaas Strydam in dié distrik het ek skoolvakansies deurgebring. 'n Griekwa-egpaar, Koela en Feia, was soos 'n oupa en ouma.



(Teenoorstaande bladsy) Pieter saam met Cynthia Dekker en saam met Frans Marx en (bo) in *Drie Dae Heer en Meester* in die Proefteater, Stellenbosch, 1962

Hul Afrikaans het my aangegryp. Albei was my mentors. In my drama *Die plaasvangers* is albei belangrike karakters. Ook in van my ander werk figureer hulle, maar dan onder ander name. In die gedig *bokwagter* in **knapsekêrels** is dit Koela wat die bokwagter is. So ook in *ystervark*. As volwassene was ek nooit sosiaal nie. Met die uitsondering van my 16 jaar in Kaapstad, het ek op posseëlplasies nesgeskrop: Kapteinskloof in die Sandveld — ook vroeër Adam Kok se wêreld, Schoemanshoek naby die Kango-grotte en La Terra de Luc buite Franschoek. My grootste vriendekring was altyd almal wat aards gelewe het.

Wanneer jy die begrip 'kultuur' gebruik, moet jy fyn dink, sê die digter. 'Wêreldwyd het "kultuur" 'n gerieflike speelbal geword vir nasionalismes wat wou triomfeer oor ander kulture, gelowe, denkers. My sin vir die bewaring van 'n eie kultuur is nie *per se* nie, maar gekoppel aan dit wat inherent positief vir 'n groter wêreld kan wees. By ons het 'n steriele vasklou aan sogenaamde "eie kultuurgoedere" ontaard in kilheid teenoor medemenslikheid. Ons deel 'n land met miljoene der miljoene verontagsaamdes, geskep deur bewaarders van daardie "eie kultuurgoedere". Dis nie net onaanvaarbaar nie, maar selfvernietigend.'

knapsekêrels raak-raak aan die politiek. 'Die kunstenaar het deur die eeue heen die vlermuis van die samelewing gebly. Onaansienlik, oënskynlik blind, 'n nagding... hy maak aaklige geluide. Die tortel sit op 'n tak en koer oor die mooi van die lewe. Die vlermuis hang onderstebo aan dieselfde tak en kyk na die lewe uit 'n heel ander hoek. Ek geniet dit om vlermuis te wees.'

Een van die treffende aspekte van **knapsekêrels** is sy klankrykheid, sê literatore. 'Die klank kom spontaan nadat ek geprikkel is deur 'n treffende geluid of enige ander sintuiglike ervaring of fantasie. Ek lees woordeboeke met 'n passie, luister intens ontvanklik as mense praat. Taal is 'n ongeëwenaarde

minnares as die kwinte en kwale met hul aftakeling op eie werf kom koggel. Ek dink my teateragtergrond verklaar my omgang met die klankgevoeligheid in gedigte. In 'n teater word die taal in die eerste plek gehoor en dis in die hoor van die woord wat 'n fyner en wyer register van nuanses geskep kan word.'

Op 77 het Fourie sy eie dig-stem gevind, maar daar is tog digters wat vir hom 'n voorbeeld van vakmanskap is. 'Boerneef, DJ Opperman, die *Klipwerk*-reeks van NP van Wyk Louw, ook Peter Blum. Die vakmanskap en toeganklikheid van Antjie Krog, Daniel Hugo en Johann de Lange stimuleer my.'

As hy terugkyk, besef hy al hoe meer ironie is die onderliggende slagaar van al sy dramas. 'Dis 'n nuk wat homself 'n lêplek in my werk gun. Dit verbaas my nie as hy homself ook in van my gedigte tuismaak nie.'

En dan is daar die dood, 'wat my nie dryf tot vrees of 'n onverteerbare verslawing aan nostalgie nie. Hierdie knaap gooi sy flikkers universeel, tydloos. Hy's nie kieskeurig nie. Hy maak sy afspraak met al wat leef. Ek is 'n verwonderde, gefassineerde aanhanger. Ek het verlede jaar met hom blad geskud in 'n Londense hospitaal'.

'n Tweede bundel is gereed, erken Pieter. 'Hy't my vinnig, onverhoeds betrap en moet nou eers 'n paar maande in inkubasie lê.'

'n Gunsteling onder sy dramas? 'Om 'n witbroodjie tussen jou kinders uit te wys, beteken huismoles. Ek kan tog fluister... **Die joiner, Die koggelaar.**'

Vir die applous in sy lewe 'is ek innig dankbaar. Erkenning is 'n stimulus vir voortgesette skepping'.

Marlene Malan is 'n vryskutjoernalis, -vertaler en -taalversorger en woon in Prince Albert



SKRYWERS GESELS

Francois Verster

saamgestel deur Grizéll Azar-Luxton

Skrywers word gevra om ten minste 10 uit die 20 vrae wat deur die redaksionele span saamgestel is te beantwoord, waarvan slegs een verpligtend is — die skrywer se mening oor biblioteke en bibliotekaris.

Wanneer het jy die eerste keer die behoefte gevoel om te skryf?
Nadat ek in 2006 vir die **Kaapse Bibliotekaris** begin skryf het.

Wat is jou voorkeur genre om te lees of te skryf en hou jy altyd daarby?

Om te lees: dit was eers romans maar deesdae meer biografieë. Om te skryf: fiksie is net-net baas teenoor nie-fiksie, dus romans en meer spesifiek dalk, historiese romans vorentoe.

Het jy 'n spesifieke rede vir jou keuse en voel jy soms lus om in 'n ander rigting te skryf?

Geskiedenis is die vakrigting waarin ek gestudeer het; dit moet wees waarom ek dit verkies. Ek vind egter dat omdat ek dikwels terugkyk, wonder ek ook oor die toekoms, en daarom het ek twee wetenskapfiksie-romans geskryf en sal dalk weer eendag een of twee skryf.

Waar kom jou idees vandaan en hoe besluit jy waar die verhaal homself gaan afspeel?

Idees kom van oral — koerantberigte, ander boeke, persoonlike ervarings, ander mense se stories. Ek dink as jy jouself oopstel daarvoor, kom dit vanself aan. Dan maak jy notas en hoop jy onthou wat jy daarmee bedoel het.

Die eerste reël van skryf (dink ek) is 'write what you know', so ek kies gewoonlik 'n bekende omgewing.

Het jy spesifieke riglyne wanneer jy 'n verhaal begin skryf of begin jy net en kyk waarheen die idee jou lei?

Soms kry ek 'n idee van 'n treffende einde en dan werk ek dit

terug na 'n moontlike begin. Ek vind dat 'organies' of spontaan skryf, gewoonlik tot 'n doodloopstraat lei. Dit help as jy 'n kwessie het waaroor jy kommentaar wil lewer.

Het jy 'n spesifieke aantal karakters in gedagte wanneer jy begin skryf of dink jy hulle uit na gelang jy skryf?

Nee, nooit. Dit hang af hoeveel stemme jy nodig het om jou storie te vertel.

Hoe bou jy 'n karakter, byvoorbeeld, die keuse van 'n naam, hoe hy/sy klink, ensomeer?

Karakters word rofweg bedink en dan begin hulle self ontwikkel, want jy dink hoe sal hy/sy optree in 'n spesifieke situasie en gaan dan daarvolgens aan.

Vertel ons van die navorsing wat betrokke is wanneer jy op 'n storielyn of onderwerp besluit het.

Hoe minder navorsing nodig, hoe beter ('write what you know'), maar Google is mos daar en met fiksie is dit nie nodig om 100% korrek te wees nie. Met nie-fiksie kan jy dan na die primêre bronne, soos in argiewe, gaan.

Hoe voel jy wanneer jy die laaste sin van die storie geskryf het en sukkel jy om met 'n volgende boek te begin?

Laaste sin: verlig!

Nee, ek werk gewoonlik aan meer as een boek op 'n slag en ek het 'n lys van boeke wat ek wil skryf (*Deo volente*) wat gedurig groei.

Wat is die moeilikste en die maklikste aspekte van skryf?

Moeilikste: om kontinuïteit te behou met alles wat tussenin kom en jou spoed breek.

Maklikste: dit verskil by alle mense, maar vir my is dit die eerste fase, naamlik die verbeeldingsvlug, terwyl ek niks van redigering hou nie.



Kry jy ooit skrywersblok? Enige wenke hoe om dit te hanteer?

Nee, wel sporadies luiheid. Ek dink jy moet maar gaan sit en oor iets anders skryf, en dalk maak dit jou gedagtes los, of gaan stap, of lê in die bad – moenie die ding probeer forseer nie.

Watter boek behalwe jou eie sou jy graag wou skryf?

Enigiets deur Julian Barnes.

Het jy enige voorkeure vir 'n Suid-Afrikaanse literêre fees?

Die Woordfees is my gunsteling onder die groteres en die Philadelphia Boekbazaar onder die kleineres.

Wat dink jy van e-boeke?

Ek het nog nooit een gelees nie, maar ek dink hulle het 'n nut en sal nie papierboeke vervang nie.



Die spotprentekenaar Zapiro (links) het vir 'n kopie van Francois se tesis oor hom en Jacob Zuma gevra



Francois se skildery is vir die omslag van **Inversium** gebruik

Voel jy passievol oor enigiets anders behalwe om te skryf?
Beeldende kuns.

Sommige mense voel dat 'n mens 'n boek moet klaar lees al geval dit jou nie. Hoe voel jy daarvoor en waarom?

Ek het eers, maar nadat ek **Mein Kampf** probeer lees het, was dit makliker om swak boeke eenkant te sit. Nee, magtig, daar is te veel boeke en te min tyd!

